Wat is ‘n Beskrywingspunt?*

Definisie:
‘n Beskrwyingspunt is ‘n voorstel wat ingedien word, waarvoor ‘n kerklike vergadering se besluit gevra word.

Siftingsproses:
Voordat ‘n beskrywingspunt ter tafel geneem kan word, moet eers bepaal word of vorige vergaderings nie reeds besluite oor die saak (voorstel) geneem het nie.
Ook moet, in die geval van meerdere vergaderings, vooraf vasgestel word of die saak werklik by die meerdere vergadering tuishoort en of dit nie reeds in ‘n mindere vergadering afgehandel kon word nie. Dit mag wees dat die saak wat in die beskrywingspunt aangespreek word, reeds in die voorgestelde agenda aandag kry. In so 'n geval sal die ter tafel neem en die hantering van die beskrywingspunt aan die vergadering oorgelaat word.

Verwysingsproses:
In die voorgestelde agenda word reeds vir 'n groot aantal sake voorsiening gemaak wat in die beperkte tyd tot die vergadering se beskikking, hanteer moet word. Dit kan dus gebeur dat vanweë 'n gebrek aan tyd, die hantering van die beskrywingspunt nie afgehandel sal kan word nie. In so 'n geval sal die beskrywingspunt verwys word na die Koinonia Sinode se Diensgroep (KSDG) vir verdere hantering en verslag aan die volgende sinode.

Hanteringsproses:
In die hantering van ‘n beskrywingpunt stel die toeligter (voorsteller) die saak en gee ‘n kort motivering waarom ‘n besluit oor die saak nodig is.
Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking. Elkeen se inset moet daarop gerig wees om die vergadering te help om tot ‘n besluit te kom. Bespreking is nie debatvoering oor verskillende standpunte nie, om te probeer om ander van ‘n standpunt te oortuig nie. Daarom behoort die Skrif, Belydenis en Kerkorde die bespreking te lei.

Besluitnemingsproses:
Besluitneming geskied by voorkeur deur onderlinge instemming (mutuo consensu), omdat die kerke een is in leer, diens en tug (vgl Ef 4:3-6 – en kerke saam hulle eenheid in Christus bely (Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea, HK 21:54, NGB, art 27).

Beswaarproses:
Sekere sake mag tot gevolg hê dat besluitneming geskied met meerderheid van stemme. Hierin moet die minderheid of konformeer (saamgaan) of, indien die oortuiging is dat die besluit teen Skrif, Belydenis en Kerkorde is, die weg van beswaarskrif gevolg.

NOTA:
Om in aanmerking te kom vir oorweging om in die Koinonia Sinodale proses vir die sitting van 3&4 Mei 2023 ingesluit te word, moet alle beskrywingspunte voor 31 Maart 2023 ingestuur word aan info@kairosnetwerk.net

*soos wat die GKSA dit verduidelik in hulle riglyne vir kerklike vergaderings.